MAANDELIKSE MARKVERSLAG JULIE 2020

BELEGGINGS • AFTREEBEPLANNING • BUITELANDSE BELEGGINGS
BELASTINGBEPLANNING • BOEDELBEPLANNING • LEWENSVERSEKERING

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH



MAAND IN OORSIG • JUNIE 2020

# INTERNASIONALE MARKTE
## - WISSELVALLIGHEID DUUR VOORT MAAR MARKTE VAAR BETER

**Amerikaanse markte het in Junie goed vertoon ondanks groot skommelinge. Soos elders in die wêreld het die COVID-19 pandemie die VSA swaar getref en het die land se regering ook verskillende maatreels in werking gestel om die verspreiding van die virus te probeer beperk. Die aantal gevalle en ook die sterftesyfer styg steeds in die VSA, wat tot onsekerheid op markte bydra. Die Wêreld Gesondheidsorganisasie het teen die einde van Junie gewaarsku dat "die ergste nog op pad is" nadat verskeie lande nuwe stygings in die aantal gevalle bekend gemaak het. Die VSA het tans die meeste gevalle en ook sterftes, gevolg deur Brasilië, die VK, Italië en Frankryk.**

Ondanks al die COVID-19 drama het internasionale markte Junie positief afgesluit. Die Dow Jones Nywerheidsindeks was maand op maand 1.7% hoër en vir die tweede kwartaal 17.8% stewiger as in die eerste kwartaal, maar staan jaar tot datum op -9.6%. Die S&P 500 het vir die maand 1.8% hoër gesluit en is 20% hoër vir die tweede kwartaal; jaar tot datum 4% laer. Die Nasdaq was maand op maand 6% hoër en 30.6% hoër vir die tweede kwartaal – die beste kwartaal sedert 2001. Vir die jaar tot datum is die Nasdaq op +12.1%. Hoewel hiedie syfers positief lyk, het die Dow Jones die swakste eerste ses maande tydperk sedert 2008 beleef en die S&P 500 die swakste halfjaar in tien jaar. Beter ekonomiese aanwysers het vir positiewe beleggersentiment gesorg wat die Amerikaanse markte gesteun het.

In die VK het die FTSE 100 maand op maand 1.5% hoër gesluit maar is jaar tot datum 18.2% laer. Hoewel markte in Europa deur die loop van die maand in verskillende rigtings op nuwe COVID-19 nuus gereageer het, is goeie syfers aangeteken. Die DAX in Duitsland was maand op maand 6.2% hoër (-7.1% jaar tot datum) en in Frankryk het die CAC maand op maand 5.15% hoër gsluit (-17.4% jaar tot datum).

## MARKTE IN ASIË OOK HOËR

In Asië het die Nikkei in Japan die maand op +1.9% agesluit en die tweede kwartaal op +17.8%. Jaar tot datum is die Nikkei 5.8% laer. China se Shanghai Saamgestelde Indeks was vir die maand 4.6% hoër as in Mei maar jaar tot datum 2.1% laer. Die Hang Seng het in Junie met 6.4% gestyg maar is jaar tot datum 13.3% laer. Die jonste aanwysers dui daarop dat ekonomiese herstel onderweg is in China met beter syfers wat vir die land se aankopersindeks bekend gemaak is.

Wat kommoditeite betref, het die prys van ystererts in Junie met 12% gestyg maar die pryse van platina en palladium was so te sê onveranderd. Die olieprys het met 16% gestyg maar is jaar tot datum 38% laer. Die goudprys het 'n goeie maand beleef en tydens die maand teen meer as $1 800 per fynons verandel – die beste prys sedert 2011.

# PLAASLIKE MARKTE
## - MYNBOU-AANDELE STEUN JSE

**Die JSE het ondanks 'n paar stampe en stote goed gevaar in Junie, grootliks danksy goeie vertonings deur goudmynmaatskappye, Prosus (+12.9% maand op maand) en Naspers (+13.4%). Die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele het maand op maand 7.7% hoër gesluit, aangedryf deur stewige stygings in die aandeelpryse van 'n hele paar swaargewigte. Benewens die stygings vir Prosus en Naspers het AngloGold Ashant (+19.1% maand op maand), Anglo American Platinum (+13%), Glencore (+11.5%) en Anglo American (+9.8%) tot die beter vertoning bygedra. Die indeks het ook die tweede kwartaal 22.2% beter teenoor die eerste kwartaal afgesluit maar is steeds 4.8% laer vir die jaar tot datum. Die Resi-10 het maand op maand met 8.6% gestyg (jaar tot datum +4.1%), die Indi-25 was maand op maand 8.2% hoër (jaar tot datum +8.9%), terwyl die Fini-15 maand op maand 3.1% stewiger was (-36% jaar tot datum).**

Tsogo Sun het vir verskeie maaande nie te waffers gevaar nie danksy die hewige impak van COVID-19 inperkings en die maatskappy se aandeelprys vir die jaar tot einde Mei was 82.7% laer. In Junie het die aandeelprys uitgeblink en met 'n indrukwekkende 106.6% gestyg en was die maand se beste vertoner. Hotelgroep Sun International (SI) het ook goed gevaar en dié maatskappy se aandeelprys was die tweede bester vertoner met 'n styging van 101.7% maand op maand. SI se aandeelprys het op 17 Junie met 16.1% gestyg ná die regering bekend gemaak het dat casinos weer kan handel dryf. Die chemiese produkte vervaardiger Omnia Holdings was in die derde plek met 'n styging van 85.6% maand op maand, nadat die maatskappy bekend gemaak het dat sy herstruktureringsproses goed vorder en die maatskappy vir sy finansiële jaar tot einde Maart 2020 weer winsgewend was.

Die aandeelprys van nywerheidsgoedere en -dienste maatskappy Reunert het in Junie die swakste gevaar met 'n daling van 21.8% maand op maand, danksy swak jaarsyfers. Hospitality Property Group het tweede swakste gevaar (-12.3%) met Lewis Group (-11.8% maand op maand) in die derde plek.

## EKONOMIESE AANWYSERS EN BEGROTING BEVESTIG SWAK EKONOMIE

Die Minister van Finansies, Tito Mboweni, het op 24 Junie 2020 'n tussentydse begroting aangekondig. Baie min besonderhede is verstrek en dit sal waarskynlik eers met die medium-termyn begroting in Oktober aangespreek word. Die Minister het wel die donker prentjie vir die ekonomie uitgeengesit – die BBP gaan in 2020 jaar op jaar waarskynlik met 7.2% krimp terwyl sy ekonomiese groeivoorspelling vir 2021 'n uiters lae 2.1% jaar op jaar is.

SA se konstruksiebedryf het in die eerste drie maande van 2020 skerp verswak. Die Afrimat Konstruksie-Indeks toon dat bedrywighede in dié bedryf nou op dieselfde vlak as in 2011 is. Die indeks, wat aktiwiteit in die bou- en konstruksiesektore meet, het jaar op jaar met 12% gedaal. Die waarde van nuwe bouplanne wat goedgekeur is het skerp (-25.9%) gedaal. In die vervaardigingsektor het sake in Junie beter verloop danksy wysgings in die inperkingsmaatreels, wat meer ondernemings toegelaat het om handel te dryf.

## VOERTUIGMARK STEIER WEER

Hoewel meer voertuie in Junie as in die voorafgaande twee maande verkoop is, lyk sake vir die voertuigbedryf danksy die ekonomiese impak van die COVID-19 pandemie en inperking glad nie goed nie. Voertuigverkope het in April met 98.4% en in Mei met 68% teenoor dieselfde maande in 2019 gedaal. In Junie was verkope 30.7% laer as dieselfde maand 'n jaar gelede. Plaaslike motorverkope van 19 264 – dubbeld soveel as die 9 019 van Mei – was 33.4% minder as die 28 931 van Junie 2019. Die totaal vir alle voertuie, wat bakkies en handelsvoertuie insluit, was 31 867; baie minder as die totaal van 45 953 vir Junie verlede jaar.

SA se ekonomie beleef nou die langste resessie sedert die internasionale finansiële krisis en daar is geen teken van lig aan die einde van die tonnel nie. Die BBP het in die eerste kwartaal met 2% gekrimp, aldus syfers wat laat in Junie deur Statistieke SA bekend gemaak is. Dit bevestig die ekonomiese probleme wat reeds voor die uitbraak van die COVID-19 pandemie en die regering se besluit om die ekonomie byna tot silstand te bring, 'n werklikeid was. Dit is die derde agtereenvolgende daling, wat nie sedert 2009 aangeteken is nie. Hoewel die syfer beter is as wat deur baie ontleders voorspel is, meen ekonome die ergste is nog op pad aangesien die syfer nog nie die impak van die inperking wat op 27 Maart begin het, insluit nie.

## SWAKKER OMSTANDIGHEDE IN EIENDOMSMARK DUUR VOORT

Daar is weinig na geen groei in huispryse, wat soos ander ekonomiese aanwysers ook die swakste is sedert 2009. Die eiendomsmark het weens die inwerkingstelling van inperkingsmaatreels so te sê tot stilstand gekom. Voorlopige syfers toon dat die volume van verkope in April jaar op jaar met 60% afgeneem het. Lees meer: **FNB Huisprysindeks.**

*Bronne: Anchor Capital, BusinessLive, FNB*

## SLIM WENK
## BELASTINGSEISOEN 2020 – WAT JY MOET WEET

SARS het bekend gemaak dat daar in die 2020 Belastingseisoen seker gemaak gaan word dat individuele belastingbetalers se opgawes bevestig word en korrek is in 'n poging om dispute en korreksies te beperk nadat opgawes ingedien is. SARS sal ook in die tweede fase van die belastingseisoen individue van hul opgawe-vereistes in kennis stel.
Lees meer: **Belastingopgawes** **en** **Belastingseisoen2020.**

## - HET JY GEWEET?

**Die adviseurs van Brenthurst Wealth kan gereeld gehoor word op verskillende radio- en potgooi-programme. Dit sluit in 'n gereelde program op PretoriaFM en ook Strictly Business Podcast.**
**As jy dit misgeloop het en na hulle insigte wil luister - markkommentaar en wenke vir persoonlike finansies - besoek die argief op ons webtuiste. Klik hier: Radio onderhoude.**

## MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE PLAN AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDE VERANDER

## - BEKYK FINANSIES TYDENS INPERKING

**As jy bietjie meer tyd tot jou beskikking het tydens die inperkingstydperk, is dit dalk net die ideale geleentheid om jou finansies behoorlik in oënskou te neem. Is jou testament op datum? Pas jou risikoplan steeds by jou vereistes? Dit is baie belangrik om jou finansiële plan aan te pas as jou omstandighede verander. Ook, as jy enige van ons vorige nuusbriewe misgeloop het en nou tyd het om die insigte van ons span te lees, besoek die argief hier: Beleggingsverslae.**


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Johannesburg** | +27 (0) 11 799 8100 | **Cape Town** | +27 (0) 21 418 1236 | **Claremont** | +27 (0) 21 418 1236 |
| **Sandton** | +27 (0) 10 035 1391 | **Bellville** | +27 (0) 21 914 9646 | **Mauritius** | 00 230 5843 5215 |
| **Pretoria** | +27 (0) 12 347 8240 | **Stellenbosch** | +27 (0) 21 882 8706 | **www.brenthurstwealth.co.za** | |





*Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833*